## GILGAL KLIPWIEL GELOFTE.

***Ontvang deur Christine Badenhorst - 2019***

JAHSHUA gee vir my 'n **groot BOEK** en ek voel die ontsaglike waarde en HY sê: " Maak die BOEK oop en kyk wat daarbinne staan." "Hy wat in die skaduwee van die ALMAGTIGE staan sal skuiling onder SY vleuels vind. Hy sal onder SY hand sit en die **Brood van die LEWE** eet. Sy lewe sal nie 'n beskaming wees nie maar 'n goeie weg sal Hy bewandel."

"Eet nou hierdie BOEK. **Maak dit deel van Jou** sodat Jy hieruit kan aanhaal wanneer dit nodig is. EK gee hiermee vir Jou Lewenswyshede wat tot voordeel van Jou siel sal strek en Jy sal 'n lewensbou wees wat goeie raad kan gee omdat HIERDIE BOEK Jou Lewe sal rig en in ORDE sal bring en hou. Dit is gewigtige Woorde. Dit is insiggewende Woorde. **Dit is WYSHEID op papier wat in Jou siel ingeneem word** as kos en sal verteer soos voedsel. Ja hou dit altyd byderhand in Jou siel! Dit is MY Barmhartigheid vir Jou vandag. Dit is MY WOORD wat jy eet en wat Jou in die Lewe sal hou selfs in 'n tyd van hongersnood want by MY is daar geen hongersnood nie en so sal dit ook vir Jou wees met hierdie **wonderlike HEMELSE BOEK** wat EK Jou gegee het om in te neem. Jy is nou voorsien van kos vir Jou hele Lewensbestaan verder op aarde!

En Jy sal altyd hê om te gee! Nood sal daar by Jou nie wees nie. Dit is MY versekering vir Jou vandag. EK gee Jou nou iets wat bittermin mense kan verteer sodat Jy dit vir Hulle kan gee **op 'n vlak wat goed is vir Hulle siele en wat Hulle kan verdra**. Dit is hoekom EK Jou opgewek het vir hierdie aardse mense. Gee MY Brood vrylik uit. Gee dit verniet en wees bly in Jou opgewondenheid oor MY! Vertel vir Hulle WIE en HOE EK REGTIG IS en wek die BLYDSKAP in Hulle harte op! Gee met VREUGDE hierdie wonderlike HEMELSE VOEDSEL aan almal uit wat dit wil hê en vrees NIKS! Amein"

Ek het die WONDERLIKE BOEK oopgemaak en eerbiedig 'n hoekie uit die eerste bladsy geskeur om te eet, maar terwyl JAHSHUA gepraat het, het so 'n hongerte my beetgepak dat ek HOM meteens in my opgeneem het, met VREUGDE EN BLYDSKAP, want die Eerbied is goed en reg, **maar JAHSHUA wil VREUGDE EN BLYDSKAP hê!!!** Want dit is 'n fontein wat HOOG opspuit soos JAHSHUA sê! En JAHSHUA sit iets in my regterhand en ek sien **dit is die Gilgal Klipwiel** en dit is SO kosbaar vir my! Dis soos 'n Gilgal Klipwiel kenteken, soos iets wat op mens se hemp vasgewerk kom, maar nie plat nie, 3-dimensioneel en uiters kosbaar vir dit wat dit beteken en waarvoor dit staan. Vir al die mense wat hierby betrokke is – nie vir die klippe nie, **maar vir die mense wat deel is hiervan!!** Vir almal wat besef dat HY **'n nuwe verbond met Ons gesluit het** en ook vashou aan dit wat goed is uit die verlede! En HY kyk vir MY met 'n kyk wat my amper laat doodgaan van ERNS en LIEFDE. **HY is ERNSTIG oor die Gilgal Klipwiel.** HY maak nie grappies met ons nie. HY doen nie ydele dinge nie. HY het 'n groot en nuwe plan vir ons wat ver terug strek na ons voorgeslagte toe en HY sê met SY ERNSTIGE kyk vir my hoe belangrik ons vir HOM is, **hoe belangrik die Gilgal Klipwiel is** – dit waarvoor dit staan en nie die vleeslike klippe nie, nie afgodies nie, maar soos die tempel van ouds wat tog in die vlees daar was TER WILLE VAN DIE MENSE!! En ek sien die Gilgal Klipwiel en my hand en HY draai baie, baie vinnig en spin in my hand in en ek sien iets wat soos rook lyk – asof Hy so vinnig spin dat dit rook, maar dit is HEMELSE "rook" **en stel voor hoe vinnig dinge in beweging gaan kom.** En ek sien wiele draai van 'n kar wat ry en al hierdie dinge gaan diep in my siel in...en JAHSHUA herinner my aan Paardekraal en sê weereens vir my dat **Ons as volk in Desember daar bymekaar moet kom!** HY maak 'n konneksie tussen die Perd en die Wiel. **HY gaan iets nuuts doen vir ONS**, maar ONS moet doen wat HY sê! En ek sien vuur wat neerdaal op die Wiel en op Paardekraal. Daar brand 'n HEMELSE vuur!! En ek hoor baie stemme, baie, baie, baie stemme wat gelyk praat maar almal sê dieselfde dinge –

**Dit is ons voorgeslagte** wat met baie groot opgewondenheid kyk na ons en na JAHSHUA se planne want dit betrek Hulle ook, al is Hulle al in die hiernamaals. Hulle is ALMAL ook hier en sal saam met Ons wees by Paardekraal en die Wiel! **Baie mense is geroep hierheen maar nie baie het gekom nie**. Laat weet almal wat Julle ken dat dit is wat JAHSHUA wil hê ons moet doen! Ek is so opgewonde vir wat HY vir Ons volk beplan! Kom wees deel van die Gilgal Klipwiel en Paardekraal. En nou sien ek weereens die Gilgal Klipwiel in die GEES en voel weer die diep betekenis hiervan en is so dankbaar dat ek deel kan wees hiervan want JAHSHUA het iets nuuts gedoen vir Ons. Maak nie saak hoe dit nou in die vlees daar uitsien nie! Dit is die Geestelike wat tel en ek sien groot dinge **want Ons voorgeslagte praat baie opgewonde**!! Ek sien die Perd wat die Wiel trek. Ek word op 'n onbeskryflike manier in die GEES in die WIEL in gevat en sien weereens dat dit soos 'n stadsmuur is waarin almal bly en weet dit is 'n vesting vir Ons. Ook waarsku JAHSHUA dat mense mekaar moet eerbiedig en waardig ag – **almal wat op die Gilgal Klipwiel is moet mekaar liefhê en eer en nie met mekaar baklei nie en mekaar help.**

"Jou siel is MYNE" sê JAHSHUA en gryp my en ek is so bly oor SY GROOT LIEFDE!! En HY druk my in SY hart in, onder SY kleed in en HY sê hoe HY my altyd sal beskerm lief hê en HY glimlag verskriklik mooi en 'n Kragtigheid straal uit HOM uit en maak my uiters bly!

Dit sluit die hoofstuk af, MY Geliefde. Bly so in MY en dink die hele dag hieraan! Amein.

# Die Gilgal Gelofte - 16 Julie 2022

Die Nuwe Gelofte by Migdol gegee op 28 Oktober 2008 en wat ook op 15 Julie 2017 vrywillig vir 7 dae afgelê was by die Dogter van Sion gemeente te Kameeldrif 225, Pretoria

INLEIDING

My lieflingskinders, hoor die stem van jul Vader. Ek, die Heilige, die Ewige, spreek; julle gelofte sal julle doen ter bevryding van julle volk, omdat Ek julle gekies het as tussenpersone, as middelaars en verteenwoordigers van My volk. Ek wil julle gebruik ter verlossing van die reine en onreine wat nog te red is in My mense. Ek is Sion se Man. Sion is My Bruid en Ek sal Myself bekend maak in haar. Julle gelofte en klipstapel sal die simboliek wees vir die oprigting van die pilaar in My volk ter bevryding van haar. Ek sê: Wees geseënd in My aarde, want Ek het julle vrygekoop en daarom woon julle in haar. Wees geseënd terwyl Ek, die Leeu van Judah langs julle loop en julle dade betrag. Wees geseënd met My Krag en outoriteit om die bose te kan bind om My volk te kan red. Ek sal My gelofte met julle sluit ter wille van julle volk, want omdat opregtes in My volk is, daarom sal Ek hulle spaar, maar reinig. Ek sal reiniging bring vir die wat nog skoon kan kom.

DIE VERBOND

My verbond met julle is die volgende:

Ek, as Vader van alles, rig My verbond op met die geseëndes in Liefdeskrag, My reine blom, wat haar knie nie voor Baäl gebuig het nie. Julle is My pilaar, My vesting vir My volk. Julle sal julle lewens aflê vir hulle wie My moet dien in die woestyn. Julle sal hulle uitlei en bring in die land Kanaän as julle My take noukeurig sal opvolg. Ek wil hê dat julle monument vir ewig sal staan en so is My ewige verbond met julle gesluit om vir julle 'n Man te wees en julle, saam met julle susters, Judah en IsraEl, My ewige bruid wie Ek sal verlos in die nag wat kom en wat alreeds saamgepak het oor julle, My Lig op aarde. Dit is My verbond: Verlossing.

DIE GELOFTE

Julle gelofte is as volg:

Onse El, ons Vader, ons ewige Man, vir U ons Meester en vir ons volk. Voor U en U skare van engele in hemel en op aarde, maak ons dié gelofte, dat ons U Huis sal bou, die Vesting vir die Dogter van Sion. Ons en ons vaders, die vaders van hemel en aarde staan as een, met een hart, deur U verenig om U Liefde en U Barmhartigheid te bring tot diegene wat suiwer van hart en wese voor U mag staan. Ons bring ons lewens as eersgeborenes uit U Lewe en offer dit aan U, ons Maker en ons Man, sodat U kinders en naamgenote hulle skuiling en ewige verweer sal vind in die Huis deur U gestig. Neem ons lewens as offer, sodat ons mag terugkeer na ons Bron, sodat U Naam geheilig mag word en U ewige Apartheid mag heers in ons in die ewigheid. U Naam ter ere, Amein.

**DIE SEËN DEUR JAHSHUA GEGEE AAN DIE BOEREVOLK**

Wees geseënd in die aarde deur My bloed gekoop.
Wees geseënd terwyl die Leeu aan julle sy loop.
Wees geseënd as in ootmoed die wiel draai
En die arend se gesang uitrys bo die kraai.
Edel is die volk, deur My Hand uitverkies,
Edel is die hart wat Liefde verkies.
Edel is die Man wat hart aan hande bind
En die kind wat opgroei, net deur My Bloed verbind.
Ek, die Begin en Einde hiervan spreek: Geseënd is die siel
waarin My Brood nou breek. Amein.